

23

HERSIENING

Ek onthou wat ek geleer het

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet die belangrikste inligting van Lesse 19-22 hersien.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet die belangrikste feite uit Lesse 19-22 ken.

Gesindheid

Die kinders moet –

- bereid wees om die belangrikste feite van Lesse 19-22 te leer en te ken.
- bly wees oor die geleentheid om 'n geheelprentjie van die werk te kry.

Vaardigheid

Die kinders moet in staat wees om –

- dit wat hulle by elke les geleer het, in hul eie woorde weer te gee.
- dit wat hulle in Lesse 19-22 geleer het, te gaan uitleef in hul alledaagse lewe.

MEER INLIGTING

- Hierdie kategeseboek se titel is *God gee om*. Dit beteken God het my in gedagte as Hy dit wat goed is, aan ons voorsien.
- In hoofstukke 13-22 het ons na die volgende belangrike sake gekyk:
 - o Ek moet omgee vir my liggaam.
 - o God ken my nood en Hy help my.
 - o Ek moet aan ander doen wat ek aan myself gedoen wil hê.
 - o Ek vertel vir ander mense van Jesus.
 - o Ek weet ek is God se kind.
 - o God is altyd by ons.
 - o Ek kies my woorde reg.

- o Ek gee om vir alle mense.
- o Ek weet hoekom ons Jesus se geboorte herdenk.

AANBIEDING

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

VANDAG ONTHOU ONS

- Skerp die belangrikste sake van Lesse 13-22 by MEER INLIGTING hierbo in.
- Skerp die feite wat hulle by die huis by Lesse 19-22 moes gaan leer weer by die kinders in.
- Elke kategeet doen dit op 'n wyse wat hy of sy goed vind.

BY DIE HUIS

Laat hulle die hersieningsfeite in hul boeke tuis gaan leer.

Belangrik:

Reël met die ouers om Les 24 te kom bywoon. Dit is 'n gesinsles.

AFSLUITING

Laat een van die kinders met wie vooraf gereël is, afsluit met gebed.